

BOERhier

'n Boer is gekies deur God

GRATIS

Uitgawe 115

25 Maart 2026

www.boerhier.co.za



Die rol wat vitamienes en spoorminerale dien by immuniteit in herkoeuers – Fokus op selenium en vitamien E

Die top 10 risiko's van voerkraalbestuur, insluitend finansiële risiko's

Bloem show 2026 – 'n Strandpartyjie-ervaring soos nog nooit tevore

RPO waarsku regstappe kan BKS-inentingsvertraag

ERING

Ochre Meatmasters spog met hoë gemiddelde pryse

INHOUD

- 4 Ochre Meatmasters spog met hoë gemiddelde pryse

- 7 Die rol wat vitamienes en spoorminerale dien by immuniteit in herkouers – Fokus op selenium en vitamien E

- 11 Die top 10 risiko's van voerkraalbestuur, insluitend finansiële risiko's

- 14 DAMVLAKKE

- 15 Bloem show 2026 – 'n Strandpartytjie-ervaring soos nog nooit tevore

- 19 Sybokhaar floreer in SA se semi-woestyn: Die wit goud van die Karoo

- 24 Veerkrachtigheid deur Innovasie: NAMPO 2026 Fokus op Oorlewing en Winsgewendheid

- 30 RPO waarsku regstappe kan BKS-inentings verhoog

- 34 Algar Ind BK: Die toppunt in veehanteringstoerusting

- 39 Toerusting benodig om 'n kommersiële varkboerdery te begin

- 44 KASTRASIE VAN VEE: 'n Praktiese Gids vir die Moderne Boer

- 50 Die rol van beeste in die Suid-Afrikaanse geskiedenis

- 54 Boer-praat: Dis nie meer net boer nie – dis bestuur, oorleef en aanpas

- 57 ALLES OM VEILINGS

- 67 Veiling Resultate

- 70 Wat sê die Markte

- 71 Vorige Uitgawes

Artikels saamgestel deur BOERhier en Zanari Crous, AffiePlaas Fotografie, Christine Vosloo Fotografie en Crossview Photography, in samewerking met die adverteerders.

Ontwerpe en samestelling gedoen deur BOERhier.

Bemarking en kliëntediens word behartig deur BOERhier span.

Kopiereg van BOERhier word streng voorbehou.

Vir verdere navraag, kontak:

[073 895 6392](tel:0738956392) of e-pos info@boerhier.co.za

Besoek ons webtuiste

www.boerhier.co.za en

www.farmhere.co.za

Ingligting vir advertensies en artikels vir BOERhier word verskaf deur adverteerders.

BOERhier word gevrywaar van enige verliese of beserings wat kan plaasvind. Lesers word aanbeveel om navorsing te doen voordat 'n transaksie behartig word en 'n produk gebruik word.



Klik op die pyltjie vir die inhoud bladsy



Klik op die ikoon om die video te kyk



Klik op hierdie ikoon vir meer inligtingskakels



Photo: Affieplaas Fotografie

Redakteursnota



In 'n wêreld waar uitdagings daaglik toeneem, bly behulpsaamheid een van die kragtigste waardes wat ons as gemeenskap kan uitleef—veral binne die landbou. Die verhouding tussen boer en gemeenskap is nie net ekonomies van aard nie, maar ook diep menslik. Dit is juis in tye van droogte, finansiële druk en sosiale spanning waar ons geroep word om mekaar se laste te dra.

Die Bybel herinner ons in Galasiërs 6:2 (NLT): “Dra mekaar se laste, en vervul so die wet van Christus.” Hierdie beginsel is besonder relevant vir boere wat dikwels die ruggraat van voedselvoorsiening vorm, maar self onder geweldige druk verkeer. Net so is daar mense rondom ons—werkers, bure, en gemeenskapslede—wat daaglik sukkel om kop bo water te hou.

Ware behulpsaamheid gaan verder as net materiële hulp. Dit sluit in 'n oop hart, 'n gewillige hand en 'n luisterende oor. Spreuke 22:9 (NLT) sê: “Geseënd is dié wat vrygewig is, want hulle deel hulle kos met die armes.” Hierdie vrygewigheid bou nie net verhoudings nie, maar skep ook hoop waar daar wanhoop is.

Vir die boer beteken dit om nie net na opbrengs te kyk nie, maar ook na mense—om werkers met waardigheid te behandel, om kennis te deel, en om geleenthede te skep. Vir die gemeenskap beteken dit om die boer te ondersteun, plaaslik te koop en begrip te hê vir die uitdagings van die landboubedryf.

Jakobus 2:15-16 (NLT) waarsku ons dat geloof sonder daade leeg is: as ons iemand sien wat hulp nodig het, maar niks doen nie, wat beteken ons geloof dan werklik? Hierdie waarheid daag ons uit om prakties betrokke te raak.

Wanneer ons mekaar help, versterk ons nie net individue nie, maar bou ons 'n volhoubare toekoms vir almal. In landbou, soos in die lewe, oes ons wat ons saai. Laat ons dus behulpsaamheid saai—met oorgawe, met deernis, en met geloof.

Die Redakteur

Ochre Meatmasters spog met hoë gemiddelde pryse

Die aanbod van goeie teelmateriaal en die belangstelling van vooraanstaande telers het op 14 Maart vir besonder hoë gemiddelde pryse gesorg op die derde produksieveiling van Boemie Saaiman se Ochre Meatmaster-stoetery.

Saaiman sê dié veiling word gewoonlik op sy plaas Tygerhoek tussen Murraysburg en Drie Susters in die Noord-Kaap gehou, maar weens die droogte in dié gebied is besluit om dit in die noorde van Suid-Afrika aan te bied. "Dit het eers drie weke voor die veiling begin reën en plaaslike kopers was nog nie gereed om diere te koop nie," sê hy.

PW van Heerden, afslaer van CdP Afslalers, sê hy het lanklaas 'n veiling beleef waar pryse van die begin tot die einde hoog gebly het. Die 100%-verkooppsyfer van die 141 diere het bykans R1,83 miljoen beloop, wat gemiddeld R12 968 per skaap verteenwoordig.

Die hoogste prys was R72 000 vir die dragtige ooi DLT 240236 van Dirk Lötter van Doornpoort Genetics by Bloemfontein. Die koper is Willem van den Berg van Sterkfontein Meatmasters by Wepener.

Lötter is een van sewe gasverkopers wat saam met Ochre werk en 'n hoë gemiddelde prys vir sy aanbod behaal het. Hy het



Dirk Lötter (middel) van Doornpoort Genetics met sy duurste ooi op die Ochre-produksieveiling. Links is Boemie Saaiman (gasheer) en regs PW van Heerden (afslaer).

gemiddeld R14 053 vir 19 ooie behaal.

Die duurste ram was Airforce One (OC 230300) van Ochre wat vir R58 000 aan Kobus Beeslaer van Vivo verkoop is. Dié ram is een van 'n tweeling en sy tweelingsuster het ook al kuddevaars geteel. Die meerlingeienskap is in hom vasgeteel en word in sy nageslag weerspieël.

Die tweede duurste dragtige ooi van Boemie Saaiman (links) saam met John William, die koper namens Cuncan Cairns van Yield Agri Investments, en PW van Heerden (regs, afslaer).

Die tweede duurste ram van Ochre, Euro, is vir R40 000 aan Lennon Nkosi van Nelspruit verkoop.

Die tweede duurste dragtige ooi was ook van Ochre, OC 210014, wat teen R52 000 aan Cuncan Cairns se Yield Agri Investments by Bloemfontein verkoop is. Saaiman het 50 ooie en 10 ramme aangebied en sy ooi het gemiddeld R12 310 opgelewer.

Van die gasverkopers wat goed gevaar het, was Tiaan Lourens



Lennon Nkosi (middel) van Nelspruit het die tweede duurste ram gekoop. Links is Boemie Saaiman (verkoper) en regs PW van Heerden (afslaer). Foto: Verskaf



Die tweede duurste dragtige ooi van Boemie Saaiman (links) saam met John William, die koper namens Cuncan Cairns van Yield Agri Investments, en PW van Heerden (regs, afslaer). Foto: Verskaf

van Meiringspoort Meatmasters wie se 17 ooie gemiddeld R13 412 behaal het, Nico Grobler van Kern Meatmasters by Kenhardt (gemiddeld R17 800 vir 10 ooie), Piet de Lange van Leliekran's Meatmasters by Calvinia (gemiddeld R10 700 vir 10 ooie) en Louis Passano van Krugersdorp (gemiddeld R13 000 vir 3 ooie).

Die gemiddelde pryse was: ooi R8 583, dragtige ooi R8 712, ooi met lammers R10 333, aangetekende ooi R10 875, dragtige aangetekende ooi R12 571, aangetekende ooi met lammers R21 667, aangetekende ooi (3-in-

1's) R16 000 en aangetekende ramme R26 800.

Die afslaersonderneming CdP het die veiling by EnGedi Manor, Krugersdorp, aangebied met Van Heerden as afslaer. CdP se 45

bieërs het vir 17% van die omset gesorg.

Raak deel van die gesprek en lewer kommentaar op dié storie in die kommentaargedeelte hieronder.

Sluit ook aan by ons WhatsApp-

kanaal [deur die skakel te volg](#). Kry só toegang tot landbounuus, weerberigte, kompetisies, markverslae en vele meer.

Bron: <https://www.landbou.com/veilings/ochre-meatmasters-spog-met-hoe-gemiddelde-pryse-20260329-0598?fbclid=I>

PULL THAT TRIGGER AND HIT THE TARGET!

GAME ON

EST. 2022

GAME ON TAXIDERMISTRY

strives to provide exceptional services at an affordable price, aiming to create lasting memories for our valued customers.

Our Services :

- European Skull Mounting
- Leather Mounting
- Horn Mounting
- Skull Services
- Hide Tanning
- Full Body/ Shoulder Mounts

CONTACT US

Email: taxidermygameon@gmail.com

Jonathan: 065 902 3244

Facebook: Game on

MAXITET-LA

Reg.No./Nr. G3580 Act/Wet 361947 NSO V0517.1.2/294 Act/Wet 13/2003



**LANGWERKENDE INSPUITBARE
OKSITETRASIEN
(ANTIBIOTIESE) OPLOSSING**

Vir die behandeling van bosluisoorgedraagde galsiekte (*Anaplasmosis*), hartwater, vrotpootjie, longontsteking, naelstringsiekte, en septiese gewrigsontsteking by beeste, skape, bokke en varke.



FOR ANIMAL USE ONLY /
SLEGS VIR DIEREGEBRUIK



Registration Holder / Registrasiehouer: Kyrion Animal Health (Pty) Ltd., Reg. No. 2004/02184707, Unit 45C, 45 Parkview Street, Highway Business Park, Roodhiskraal Ext. 31, Centurion, 0157, South Africa. Tel: 0861 247 463

WATER BACK UP SYSTEM

Eco Tanks

From 990L - 5000L Tank's

Pressure Pumps

DAB EasyBox 1.1 kw

DAB EasyBox Mini .75kw

Tesk PMC 2.2kw

Tesk PMC .75kw

3 Stage Filter

950L From R18 000

1100L From R25 000

2220L From R33 665

5000L From R38 000



HYDRO PLUMBINGS
SOLAR AND PLUMBING

Hydro Plumbings

0731772652

WhatsApp 0817019404

hydro_plumbings@outlook.com

THE SMART BACKUP WATER SOLUTION



Die rol wat vitamienes en spoorminerale dien by immuniteit in herkoeuers

– Fokus op selenium en vitamien E



Spoorminerale word in klein hoeveelhede in die liggaam benodig. Belangrike spoorminerale en vitamienes sluit koper, sink, mangaan, kobalt en selenium, vitamien A, -D en -E en B-vitamienes in. Spoorelemente en vitamiese speel 'n belangrike rol spesifiek in die anti-oksidadant sisteme van die liggaam. Hulle word in spesifieke ensiemstelsels geïnkorporeer wat verantwoordelik is om die liggaam teen vrye radikale te beskerm wat skade op sellulêre vlak veroorsaak. In wese vorm spoorminerale en vitamiese deel van die stelsels in die liggaam wat verantwoordelik is om dit teen normale "slytasie" te beskerm en speel dus 'n belangrike rol in algemene gesondheid, immuniteit en vrugbaarheid van diere. ^{1, 2, 3, 4, 5}



Selenium en Vitamien E werk sinergisties in die liggaam:

Die hoof funksie van beide selenium en vitamien E is om die oksidatiewe skade van biologiese membrane te voorkom.⁶ Selenium en vitamien E beïnvloed groei, voortplanting, immuunfunksie, gesondheid en produkkwaliteit in herkouers.⁶ Selenium en vitamien E verseker optimale sellulêre funksie deur lae konsentrasies van reaktiewe suurstofspesies en lipiedhidroperoksiede te handhaaf.⁶

Kliniese selenium en / of vitamien E tekort kan vlekspiersiekte in herkouers tot gevolg hê.⁴ Tipiese simptome wat waargeneem word sluit swak lammers of kalwers in wat styf en swak is of wat skielik vrek. Kenmerkende wit strepe of vlekke kan in die hartspiere

of beenspiere gesien word op nadoodse ondersoek. Subkliniese selenium en / of vitamien E tekorte kan ook voorkom, en kan manifesteer as onvrugbaarheid, onreëlmatige hitesiklusse, embrionale sterftes, hoër voorkoms van mastitis en agtergeblewe nageboortes.⁴

Die funksies van selenium en vitamien E strek ook verder as net die klassieke antioksidant-eienskappe en bewyse van die betrokkenheid by immunomodulasie en intrasellulêre selseintransduksie en geenregulering is ook al gevind.⁶ Navorsing het ook getoon dat supervoedingsaanvulling van selenium en vitamien E nodig is om die prestasie van herkouers onder sekere stresvolle toestande soos hittestres en gedurende die oorgangstydperk te verbeter.⁶



IS REDWATER A THORN IN YOUR SIDE?

IS ROOIWATER 'N DORING IN JOU VLEES?

Redwater can have a painful impact on your finances and your animals. **BABEX** cures and prevents **redwater** and cures tick-borne gallsickness (anaplasmosis) in cattle. **REDNIL** cures and prevents **redwater** in cattle and cures biliary fever in dogs and horses.

Rooiwater kan 'n pynlike impak op jou finansies en jou diere hê. **BABEX** behandel en voorkom **rooiwater** en behandel bosluisoorgedraagde galsiekte (anaplasmose) in beeste. **REDNIL** genees en verhoed **rooiwater** in beeste en genees bosluiskors in honde en perde.



Available in 100mℓ and 50mℓ
Beskikbaar in 100mℓ en 50mℓ

- Cures and prevents Asiatic **redwater** for **2 weeks** and African **redwater** for **4 weeks** in cattle
- Genees en verhoed Asiatiese **rooiwater** vir **2 weke** en Afrika **rooiwater** vir **4 weke** in beeste

Available in 100mℓ
Beskikbaar in 100mℓ

- Prevents Asiatic **redwater** for up to **4 weeks** and African **redwater** for up to **8 weeks** in cattle
- Voorkom Asiatiese **rooiwater** vir tot **4 weke** en Afrika **rooiwater** vir tot **8 weke** in beeste



Product name: Rednil Registration number: G3911 Act 36/1947 (South Africa). Contains: Diminazene 70 mg/mℓ, Phenazone 375 mg/mℓ Export countries: Namibia - V13/17.4.2/1187 Act 13/2003 [NSO]
Product name: Babex Registration number: G4109 Act 36/1947 (South Africa). Contains: Imidocarb dipropionate 12 % m/v Registration holder: Kyrion Animal Health (Pty) Ltd, Co. Reg. No. 2004/021847/07, Unit 45C, 45 Parkview Street, Highway Business Park, Rooihuiskraal Ext. 31, Centurion, 0157, South Africa.



BENUT GELEENTHEDE TANS IN DIE VEEBEDRYF!!!

OVK bied verskeie **FINANSIERINGSOPSIES** waar produksie insette ter ondersteuning van kuddes of afrond van slagvee gefinansier kan word

Kontak vandag nog u kredietbestuurder vir meer inligting!

Terme en voorwaardes geld

www.ovk.co.za

VIR MEER INLIGTING KONTAK:

Bethlehem: **063 792 5694** Bloemfontein: **082 056 4341** • Burgersdorp: **082 759 4103** • Cradock: **082 468 3616**

Ficksburg: **082 417 6192** • Hopetown: **082 884 3296** • Humansdorp: **082 805 3252**

Ladybrand: **082 923 5997** • Ladybrand (Nie-Landbou): **051 923 4783**

Port Elizabeth & Nasionaal (Vesel): **082 854 9112** • Wesselsbron: **079 513 7656**



Complex + A&E

VIR BEESTE, SKAPE EN BOKKE



Complex + A&E

VIR BEESTE



DIE IDEALE BALANS VAN **VITAMIENES** + **MINERALE**

VIR OPTIMALE PRESTASIE VAN JOU KUDDE¹
OPTIMALISEER JOU DIERE SE^{2,3,4}
Immunititeit | Ensiem funksie | Vrugbaarheid | Groei

Produk naam: Complex + A&E vir Beeste, Skape en Bokke. Registrasienommer: G4119 Wet 36/1947 (Suid Afrika). Elke 1 m² bevat: Vitamien A 7 500 IU, Vitamien E 25 IU, Sink 11 mg, Selenium 0,8 mg, Mangaan 2,7 mg. Uitvoerlande: Botswana - BV2100107A [POM]; Namibië - V17/19.2/1388 [NSD] Produk naam: Complex + A&E vir Beeste. Registrasienommer: G4120 Wet 36/1947 (Suid Afrika). Elke 1 m² bevat: Vitamien A 25 000 IU, Vitamien E 50 IU, Koper (Cu) 4 mg, Sink (Zn) 11 mg, Selenium (Se) 1,25 mg, Mangaan (Mn) 2,7 mg. Uitvoerlande: Botswana - BV2100106A [POM]; Namibië - V17/19.2/1390 [NSD] Registrasiehouer: Kyrón Animal Health (Edms) Bpk., Co. Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45D, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Denturion, 0187, Suid Afrika.
Verwysings: ¹ J. Calender, S.P., Mithrova, J.A., Kobayashi, K. & Witting, S.D. 2017. Micronutrient utility in pharmaceuticals: Implications for multi-drug delivery. International Journal of Pharmaceutics, 526: 425-442. ² Hird, T.H. & Hoff, B. 2011. The use of blood analysis to evaluate trace mineral status in ruminant livestock. Veterinary Clinics of North America Food Animal Practice, 27: 295-333 ³ Lopez-Alonso, M. 2012 Trace Minerals: Not too much not too little. International Scholarly Research Network Veterinary Science: doi: 10.5402/2012/704825. ⁴ Wahlberg, M.L. & Greiner, S.P. 2006. Minerals & Vitamins for Sheep - Extension Article, available online at: <http://www.sheep101.info/201/mineralsandvitamins.html>.

KAH/PM136A/2023/3

Die top 10 risiko's van voerkraalbestuur, insluitend finansiële risiko's

Die bestuur van 'n voerkraal hou beduidende risiko's in wat strategies bestuur moet word.



1. Siekte-uitbrake

Bek- en klouseer, respiratoriese siektes en parasiete kan massaverliese veroorsaak.



2. Voerprys-skommeling

Voer verteenwoordig tot 70% van totale produksiekoste.



3. Finansiële likiditeit

Hoë kapitaalbehoefte en vertraagde inkomste skep kontantvloei-druk.



4. Markprys-onbestendigheid

Vleispryse reageer op ekonomiese siklusse en verbruikersvraag.



5. Swak voeromset

Lae groei-tempo's verhoog koste per kilogram vleis.



6. Arbeidsrisiko's

Onopgeleide personeel verhoog siekte- en hanteringsverliese.



7. Klimaatsinvloede

Uiterste hitte beïnvloed voeropname en groei.



8. Regulatoriese nakoming

Nie-nakoming kan boetes of sluiting tot gevolg hê.



9. Infrastruktuur-mislukkings

Water- of kragonderbrekings hou direkte risiko vir diere in.



10. Reputasie en verbruikerspersepsie

Dierwelstand en voedselveiligheid is toenemend onder publieke toesig.

DIY DAMLININGS KITS – READY TO INSTALL

Get your liner delivered nationwide –
straight to your door.



- ✓ Nationwide Delivery
- ✓ Complete DIY Kits Available
- ✓ Sized to your dam
- ✓ Easy Installation Guidance
- ✓ Reduce Water Loss

HDPE • PVC • Cement Dam Liners • Zinc Dam Liners

Andre Meyer • 076 062 4272

andre@damlinings.co.za

ECO-VET COLOSTRUM VOEDINGSAANVULLING



BREIN + LIGGAAM ONDERSTEUNING

Met bygevoegde lysine om breingesondheid, fokus en sterk spiere te ondersteun.

FOR ANIMAL USE ONLY

ECO-VET

COLOSTRUM

Reg no V23303 (ACT No36/1947)

Nutritional Supplement

WITH LYSINE

90 Gra

IMMUUNVERSTERKENDE KRAG

Ryk aan teenliggaampies om jou troeteldier se immuunstelsel te versterk en alledaagse kieme te beveg.

ALGEHELE WELSTAND WENNER

'n Daaglikse hupstoot vir dermgesondheid, vel en hare, en algehele liggaamsherstel – natuurlik effektief.


KRY JOUNE OP ONS WEBWERF VANDAG! WWW.ECOVET.CO.ZA

@ECOVETSA | WHATSAPP: 083-810-6439

DAMVLAKKE

soos op 25 Maart 2026

Maart		
	2025	2026
Oos-Kaap	83%	80%
Vrystaat	91%	100%
Gauteng	103%	102%
KwaZulu-Natal	95%	91%
Limpopo	91%	103%
Mpumalanga	99%	100%
Noord-Wes	99%	102%
Noord-Kaap	71%	105%
Wes-Kaap	62%	47%



Bloem show 2026 – 'n Strandpartytjie-ervaring soos nog nooit tevore

23 April – 2 Mei 2026 | Bloemfontein

Bloemfontein – Die Bloemskou vier met trots sy 143ste bestaansjaar in 2026 met 'n vars en opwindende tema: "Beach Party in Bloem!" Hierdie jaar belooft 'n golf van nuwe ervarings, hernude tradisies en opwindende vermaak vir die hele gesin.

Ons nooi vanjaar se besoekers uit om die Bloemskou op 'n nuwe manier te sien, voel en beleef – "Parkeer anders, stap anders, ervaar anders." Die skou beklemtoon ware, tasbare ervarings wat geen toestel of digitale media kan vervang nie.

Uitdagings vir Landbou en Veeboerdery

Ten spyte van 'n uitdagende begin van die jaar weens die bek-en-klousee (BEK) uitbreking, wat veroorsaak het dat bees- en kleinvee-kampioenskappe nie aangebied kon word nie, het Bloemskou met innovasie aangepas.

Hierdie jaar se uitgebreide landbouprogram sluit in:

- Vyf kampioenskappe, insluitend die Wêreld Outdoor Saddle Horse Kampioenskap
- ±900 perde met internasionale belangstelling
- Miniatuurperdeskoue
- Tentpeg-kompetisies
- Springrygeleenthede
- Die 2de Interprovinsiale Farrier Kampioenskap
- Boerboel honde-ras provinsiale kampioenskap

Die Bloemskou bly 'n geliefde plek waar gesinne, boere en telers om bymekaar te kom. Besoekers

kan 'n verskeidenheid unieke landbou- en buitelugaktiwiteite verwag, insluitend:

- Skaapfeesdag met tradisionele geregte soos skaapkop, skaapafval en skaapbredies
- Kettingisaag- en snoeidemonstrasies
- Blaasmasjien-uitdagings



- Hondevertonings
- Ovaalbaanresies
- Opwindende nuwe uitstallings en Vermaak, soos die Gift Shop, Rooms on View met die nuutste dekor neigings en verskeie uitstallings van voertuie en landbou-verwante produkte vir die mans.

Vermaak vir alle ouderdomme

Met iets vir almal bied Bloemskou 2026 onder meer:

- Meer as 2 000 kuns- en handwerkinskrywings
- 300 uitstallings
- 60 kosstalletjies
- 20 musiekoptredes
- Sirkusoptredes
- Voertuig-spinning
- 'n Wêreldrekordpoging
- Liggaamsbou-geleenthede
- Dans- en modeskou

Bloemskou 2026 vind plaas van 23 April tot 2 Mei by die skougronde in Bloemfontein.

Vir die volledige program, toegangsfooie en daaglikse skedules besoek gerus www.bloemskou.co.za

UITGEREIK DEUR: Elmarie Prinsloo

Tel. [051-4489894/5](tel:051-4489894/5)

E-pos: ceo@bloemskou.co.za

HOEDANIGEID: Hoof-Uitvoerende Beampte, Bloemskou

Persv2026alg/emp

VIR DIE MANNE

@ Bloemskou 2026

LANDBOU
UITSTALLINGS



BUITELUG
UITSTALLINGS



MOTOR
UITSTALLINGS






KOS EN KUIER



SA SAALPERDE



**Bloem
Skou Show**

23 April - 2 Mei 2026 | 051 448 9894   
www.bloemskou.co.za vir die volledige program



AFRI AIR

AGRICULTURE DRONE SOLUTIONS



072 434 5776 (Christiaan Winckler)



082 774 0343 (Marlett Winckler)

info@aadrones.co.za



www.aadrones.co.za



FARMhere

Farmers are handpicked by God

FARMhere: 15th of every month
BOERhier: 25th of every month

Our advertising rates

One price to Advertise in ALL Monthly magazines.

Month to Month - R6500

- 2 magazines
- 30 days social media
- Boosting

6 Month Agreement - R5800 per month


- 2 magazines
- 30 days social media
- Boosting

12 Month Agreement - R5500 per month

- 2 magazines
- 30 days social media
- 1x Front cover & feature article
- Boosting

(0) 73 895 6392 | (0) 73 895 6392

info@boerhier.co.za



www.boerhier.co.za

OPSOEK NA WEIDING TE HUUR

STOET BRANGUS EN BRANGUS-TIPE BEESTE
KOEIE/VERSE - 370 | STOETBULLE - 30

Suid Vrystaat
Sentraal Vrystaat
Suidwes Vrystaat
Oos Kaap
Aliwal Noord



Louwtjie
082 808 3316

Jaco Kirstein
082 881 4060

Rusty Kirstein
064 755 5686



Sybokhaar floreer in SA se semi-woestyn: Die wit goud van die Karoo

Troppe angorabokke wei op 'n plaas in die halfdorre suide van Suid-Afrika op oop vlaktes wat tot teen die horison strek. Hul ligte vagte skitter in die fel sonlig van 'n streek wat die kloppende hart van die wêreld se sybokhaarbedryf geword het.



Troppe angorabokke wei op 'n plaas in die halfdorre suide van Suid-Afrika op oop vlaktes wat tot teen die horison strek. (Foto: Marco Longari/AFP)

Die Karoo, met sy kenmerkende grondpaaie en afgeleë plase, verskaf tans meer as die helfte van die wêreld se produksie van hierdie vesel, wat wêreldwyd vir sy glans en sagtheid geprys word.

Op die plaas Wheatlands getuig 'n Kaaps-Hollandse gewel met die inskripsie "Wheatlands 1912" van 'n ryk geskiedenis.

Lloyd Short, 'n sewende-generasieboer wat op die 7 700 hektaar familieplaas grootgeword het, wys na die opstal en vertel dat dit die nuutste huis op die eiendom is. Tog is dit nie die argitektuur of die plattelandse bekoring wat aan Wheatlands sy reputasie besorg het nie, maar eerder die bokke met hul hangore, geboë horings en glansende, goue vagte.

Spesialiteitsvesel vir die wêreldmark

Hierdie syagtige krulle is nie sommer enige wol nie; dit kan tot R900 per kilogram behaal en word

hoofsaaklik in breiwerk gebruik, dikwels met wol vermeng. Selfs die bekende Italiaanse meule, Vitale Barberis Canonico, wat bekend is vir luukse pakstowwe, is onder diegene wat Suid-Afrikaanse sybokhaar vir hul garing verkry.

Short verduidelik dat die kwaliteit van die vesel nou saamhang met die ouderdom van die dier. Hy sê die eerste twee skeersels is die waardevolste en hy versamel gemiddeld tussen een en 1,5 kilogram per dier.

Die opbrengs styg wel effens namate die bokke ouer word, maar die vesel verloor oor die jare waarde. Short en sy broer besit elk sowat 2 000 bokke en voorsien eksklusief aan 'n groot Franse modehuis, wat hom in staat stel om die herkoms van die vesel te bespeur en hul handelsmerk te beskerm.

Uitdagings en herstel in die bedryf

Die bedryf se reputasie is in 2018 ernstig getoets toe die diereregteorganisasie PETA videomateriaal vrygestel het van 'n bok wat vrek, nadat 'n slagaar per ongeluk tydens skeer gesny is.

Boere hou vol dat sulke voorvalle uiters skaars is, maar die skade was groot. Bekende handelsmerke soos die Sweedse H&M, die Amerikaanse Gap, asook Zara en Topshop, het sybokhaar onmiddellik laat vaar.

Vertroue het eers ná die instelling van 'n onafhanklik geouditeerde sertifisering vir dierewelsyn begin herstel.

Marco Coetzee, direkteur van die bedryf se verteenwoordigende organisasie, Mohair SouthAfrica, verduidelik dat streng prosesse nou



Hierdie syagtige krulle is nie sommer enige wol nie; dit kan tot R900 per kilogram behaal en word hoofsaaklik in breiwerk gebruik, dikwels met wol vermeng. (Foto: Marco Longari/AFP)

gevolg word om die bedryf se naam skoon te hou.

“Boere gaan deur jaarlikse oudits. Hulle word een keer per jaar deur hul makelaars besoek en dan word hulle ook deur ’n derde party geouditeer,” sê Coetzee.

Waarom die Karoo die ideale tuiste is

Suid-Afrika was volgens bedryfsyfers verantwoordelik vir 56% van die wêreldwye produksie in 2024. Die sektor ondersteun sowat 30 000 werkseleenthede, waarvan honderde in die Karoo gesetel is.

Dit is ’n onwaarskynlike nuwe tuiste vir ’n ras wat oorspronklik van Turkye kom. Hoewel dit onduidelik bly hoe die bokke in die 19de eeu hier aangekom het, floreer die angoras nou op die streek se vetplante.

Sean Hobson, wie se familie reeds sedert 1865 met angoras boer, sê die omgewing is perfek vir die diere.

“Dit is ’n ongelooflike gesonde gebied, daar is wonderlike veldspesies en soet plante. Byna alles is smaaklik.”

Volgens Hobson is meer humidie streke minder geskik vir die bokke weens parasiete en bosluise wat in vogtiger gebiede gedy. Om die diere te beskerm, word hulle tussen die tweejaarlikse skeersels vir parasiete behandel, waarna hulle met ’n kondisioneringsoplossing behandel word.

“Dit help om die vesels hul kenmerkende krul te laat vorm,” voeg hy by.

Die pad na die wêreldmark

In ’n pakhuis naby die hawestad Gqeberha hang die kenmerkende

reuk van ’n skeerskuur in die lug. Honderde bale wag hier op verskeping.

Pierre van der Vyver, uitvoerende hoof van die makelaar House of Fibre, wys daarop dat die wêreldwye gewildheid van die vesel aan sy unieke fisiese eienskappe te danke is.

“Die wêreld koop sybokhaar eerstens vanweë die glans,” sê Van der Vyver. Hy voeg by dat die vesel uiters gesog is omdat dit so duursaam is.

“Dit is baie sterk, dit breek nie en dit krimp nie.”

Saam met die plaaslike mededinger OVK, beheer House of Fibre meer as 70% van die wêreldwye aanbod, met die buurstaat Lesotho wat vir ’n verdere 16% verantwoordelik is. Byna alle kopers koop die vesel in bale, en die verwerking word oorheers deur twee Suid-Afrikaanse firmas, Samil en Stucken.

Van der Vyver is vol vertroue dat Suid-Afrika sy voorsprong op die wêreldmark sal behou, ten spyte van internasionale mededinging.

“Die Chinese wil met ons meeding, maar gelukkig is daar baie tegniek betrokke by die verwerking van sybokhaar.

“Dit is ’n veel stadiger proses as wat vir wolverwerking nodig is; dit is ’n spesialiteitsvesel.”

Bron: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/sybokhaar-floreer-in-sa-se-semi-woestyn-die-wit-goud-van-die-karoo/>

ATTILA

BREË SPEKTRUM BOSLUIS & RONDEWURM BEHEER

’n Gereed-vir-gebruik opgietsmiddel met ’n nawerkende aksie bosluis en rondewurm beheer.

Produk naam: Attila Registrasienommer: G4197 Wet 36/1947 (Suid-Afrika) Samestelling: Fipronil 0,9 % m/v, Abamektien 0,5 % m/v. Registrasiehouer: Kyrone Animal Health (Edms) Bpk., Co. Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid-Afrika. Uitvoerlande: Botswana - BV2200603/A/B[VPS]; Namibië - V19/18.2/1442 Wet 13/2003[NSO]


Traceability is the Answer

“On farms/premises that are not infected or suspected of being infected, all vaccinated cloven-hoofed animals must be individually identified and recorded in a database that ensures lifelong traceability.”

Chief Director, Animal Production and Health
(24 Feb 2026)



Z-Tags Distributed by Kyron Agri

A landscape photograph showing a field of tall grass in the foreground, a line of trees in the middle ground, and a sunset sky with a bright sun and lens flare in the background. The text is overlaid on the top left portion of the image.

“Dra mekaar se laste,
en vervul so die wet van
Christus.”

Galasiërs 6:2 (NLT)

Photo by CrossView Photography

BOERhier

'n Boer is gekies deur God

DIGITALE BEMARKING MET 'N DOEL!

Ons werk tot eer van God –
met geloof, uitkoms en passie.

- Doelgerigte, bekostigbare digitale bemarking – gefokus op jou nis-mark.
- Sosiale media bestuur & digitale strategieë wat jou stem versterk.
- Videografie, fotografie & redigering wat jou visie lewendig maak.
- Professionele, bekostigbare livestreaming – plaaslik én internasionaal.
- Katalogusdienste vir 'n professionele produkaanbieding.

**Kom deel jou storie en
adverteer saam met ons.**



Info@boerhier.co.za

073 895 6392



www.boerhier.co.za

Veerkragtigheid deur Innovasie: NAMPO 2026 Fokus op Oorlewing en Winsgewendheid

Nampo Park, Bothaville - In 'n tyd waar landbou toenemend onder druk funksioneer - van klimaatsveranderlikheid en stygende insetkoste tot mark- en beleids-onsekerheid - verskuif die fokus in 2026 na een kernbeginsel: veerkragtigheid.

Hierdie jaar se **NAMPO Oesdag**, wat van **12 tot 15 Mei 2026** by NAMPO Park buite Bothaville plaasvind, bring dié fokus tot lewe met die tema: **“Veerkragtigheid deur Innovasie.”** As die grootste landboukou in die suidelike halfrond bly NAMPO die belangrikste ontmoetingspunt vir produsente, landboubesighede en die breër waardeketting - 'n platform waar tegnologie, kennis en praktiese oplossings saamkom.

“NAMPO Oesdag bly die belangrikste ontmoetingspunt vir landbou in Suid-Afrika - veral in 'n tyd waar produsente onder toenemende druk funksioneer. Veerkragtigheid gaan nie meer net oor oorlewing nie, maar oor die vermoë om aan te pas, beter besluite te neem en volhoubaar winsgewend



te bly. NAMPO bring die oplossings, tegnologie en gesprekke bymekaar wat produsente nodig het om hierdie uitdagings met vertroue aan te pak,” sê Dr Dirk Strydom, besturende direkteur, NAMPO (Edms) Bpk.

Veerkragtigheid deur Innovasie verwoord presies waar Landbou in 2026 staan. Produsente boer in 'n omgewing van toenemende druk - van klimaatsrisiko en insetkoste, peste en plaë tot mark- en beleids-onsekerheid - en veerkragtigheid beteken vandag meer as om bloot hierdie uitdagings te oorleef. Dit beteken om aan te pas, doeltreffendheid te verbeter, risiko beter te bestuur en winsgewendheid deur praktiese innovasie te beskerm. Dit is wat hierdie tema so relevant vir NAMPO maak. As platform bring NAMPO die landbouwaardeketting op een plek bymekaar om tegnologie ten toon te stel, kennis te deel

en produsente met idees en oplossings te verbind wat landbou vir die toekoms kan versterk.

NAMPO 2026 weerspieël die werklikhede van moderne boerdery - kleiner marges, groter risiko's en 'n groeiende behoefte om slimmer en meer presies te boer. Veerkragtigheid hang toenemend af van die vermoë om aan te pas en vorentoe te beweeg, met innovasie as dryfveer - van presisietegnologie en gevorderde meganisasie tot verbeterde genetika, navorsing en data-gedrewe besluitneming. NAMPO skep die ruimte waar hierdie oplossings tasbaar word en waar produsente eerstehands kan ervaar wat die toekoms van landbou moontlik maak.

Wat is nuut by NAMPO 2026

NAMPO 2026 bou voort op sy gevestigde reputasie, maar bring terselfdertyd nuwe energie en ontwikkeling na die terrein.

Besoekers kan uitsien na nuwe produk bekendstellings, insluitend voertuie tesame met 'n poging om 'n wêreldrekord te breek, en verskeie nuwe trekkers, terwyl tegnologie 'n sterk fokus bly met beplande demonstrasies van spuitdrones en ander praktiese oplossings.

Die terrein self groei verder met nuwe geboue, addisionele standplase aan die noordekant en 'n groter verskeidenheid uitstallers, insluitend internasionale deelname deur 'n Sjinese en Italiaanse paviljoen. 'n Nuwe ontspanningsarea met verversings, saam met die Six Gun Grill Country Hall, skep verdere geleentheid vir besoekers om te ontspan en die NAMPO-ervaring ten volle te geniet.

Die Santam Landbou Vroueprogram, in samewerking met Rooi Rose, bly een van die hoogtepunte van NAMPO en vind weer plaas in die gewilde Rooi Rose-tent. Die program belooft 'n dinamiese mengsel van inspirasie en vermaak met kunstenaars en persoonlikhede soos Hannon, Willem Botha, Amanda Strydom, Carmiën Tea, Reandi Grey, Lizz Meiring, Susan Coetzer, John Rock Prophet en Hannes van Wyk.

Praktiese verbeterings sluit ook die beskikbaarheid van vliegtuigbrandstof op NAMPO Park in, asook 'n uitbreiding van die pendeldiens met bykomende waentjies om beweging oor die terrein verder te vergemaklik.

Ou gunsteling en ervarings

Benewens nuwe ontwikkelings bly die kern van NAMPO se sukses die bekende elemente waarna besoekers jaar na jaar terugkeer. Die gewilde Standard Bank 4x4-baan en Avontuur 4x4 baan bied steeds aksiebelaaide demonstrasies, terwyl die saadpersele aan die oostekant waardevolle insig bied in die

nuutste genetica en gewasopsies.

Die Nasie in Gesprek-reeks bring weer hoëvlak gesprekke oor plaaslike en internasionale landboutemas. In die lig van die onlangse uitbrekings van bek-en-klouseer en die besluit dat geen gesplete-hoefdiere vanjaar by NAMPO 2026 toegelaat sal word nie, sal die TAU Animal Feeds Vee-arena 'n aangepaste en innoverende ervaring bied. Nie-risiko diere, soos perde, honde en pluimvee, sal steeds teenwoordig wees onder streng biosekuriteitsmaatreëls.

Telersgenootskappe doen groot moeite om die waarde van hul rasse deur kreatiewe uitstallings uit te beeld, en besoekers kan uitsien na 'n nuwe ervaring wat verder strek as die fisiese dier alleen. Kom leer meer oor die wetenskap en prestasie van lewendehawe - nie net die voorkoms van die dier nie. Benewens kreatiewe uitstallings deur telersgenootskappe, kan besoekers uitsien na 'n sterkman-kompetisie, saam met verskeie ander verrassings wat beplan word om die arena steeds 'n dinamiese trekpleister te maak. Die Graan SA Museum, met trots geborg deur Santam, bied besoekers die geleentheid om die ryk geskiedenis van Graan SA en NAMPO te beleef. Geleë langs die Voorsitter se Onthaalarea aan die westekant van die terrein, vertel die museum die verhaal van die organisasie se ontwikkeling en die groei van NAMPO oor die jare - 'n betekenisvolle herinnering aan die wortels van Suid-Afrikaanse graanproduksie.

'n Slimmer en meer toeganklike ervaring

Die NAMPO 2026-toep speel 'n sleutelrol om besoekers se ervaring te verbeter. Met toegang tot meer as 900 uitstallers, verbeterde navigasie en interaktiewe funksies kan besoekers hul roetes vooraf beplan, uitstallings maklik opspoor

en die terrein in detail verken. Die toepassing bring alle noodsaaklike inligting - van programme tot video-inhoud - saam op een platform.

Beweging op die terrein bly eenvoudig en doeltreffend. OFM saai weer regstreeks uit vanaf NAMPO Park en deel belangrike verkeers- en roete-opdaterings. Die gewilde Mieliehop-pendeldiens verbind Bothaville en NAMPO Park daaglik, terwyl addisionele roetes vanaf OR Tambo en omliggende dorpe toegang verder vergemaklik.

Daar is ook opnuut ondersoek gedoen rakende die vloei van verkeer en het Nampo aanpassings gemaak om die toegang tot Nampo te vergemaklik. In teenstelling met laas jare is die waarskynlikheid groot dat die grond toegang roetes weer inwerking sal wees tydens Nampo wat verkeer sal vergemaklik.

Vir lugreisigers bied Century Avionics weer 'n lughawesitkamer met pendeldiens na die terrein. Binne NAMPO Park vervoer trekkerwaens besoekers tussen uitstallings, en addisionele bushaltes is bygevoeg om toegang tot alle areas van die terrein te verbeter.

Verblyf en kos

Om aan die groeiende vraag na akkommodasie te voldoen, bly die karavaanpark suid van Hek 2 'n gewilde opsie met 100 kragaansluitende staanplekke en twee ablusieblokke. Dit bied 'n gerieflike oplossing vir besoekers wat naby die aksie wil bly. Die koservaring by NAMPO word verder versterk deur die terugkeer van die Syngenta Boerekos Plaaskombuis, wat weer topgehalte disse in 'n ontspanne plaasstyl-omgewing bied. Saam met NAMPO se tradisionele kosstalletjies, wat deur plattelandse nie-winsgewende organisasies aangebied word, skep dit 'n diverse en eg Suid-Afrikaanse kulinêre ervaring.

Kaartjies en besoeksinligting

Kaartjies vir NAMPO 2026 sal vanaf vroeg-April beskikbaar wees via OpenTickets (www.opentickets.co.za), met afslag vir aanlyn-aankope. Hekke open daaglik om 07:00 en sluit om 17:00. Volledige rigtingaanwysings, parkering en inligting oor die privaat landingstrook is beskikbaar op die NAMPO-webwerf en via die NAMPO-toep.

Besoekers word herinner dat troeteldiere, fietse, selfaangedrewe karre en motorfietse nie op die

terrein toegelaat word nie, en dat die beskikbare pendel- en vervoeropsies die maklikste manier is om die terrein te verken.

NAMPO Oesdag bly die belangrikste ontmoetingspunt vir landbou in Suid-Afrika - 'n plek waar idees, innovasie en mense bymekaar kom. In 'n tyd waar produsente onder toenemende druk funksioneer, bied NAMPO 2026 nie net inspirasie nie, maar praktiese oplossings wat help om landbou meer veerkragtig, meer doeltreffend en meer winsgewend te maak.

Die 2026 NAMPO handelsmerke, temas en ikone sal beskikbaar wees vir aflaai op die webwerf. Vir meer inligting, besoek www.nampo.co.za of laai die NAMPO Toep van jou gunsteling aanlyn winkel af.

Einde

Uitgereik deur: Graan SA Kommunikasie

Verdere navrae:

Dr Dirk Strydom, Besturende Direkteur, NAMPO (Pty) Ltd
dirks@grainsa.co.za | www.grainsa.co.za

bRON: <https://www.grainsa.co.za/news-headlines/press-releases/resilience-through-innovation--nampo-2026-focuses-on-survival-and-profitability>



FOOT & MOUTH is real! BEK & KLOU is 'n realiteit!

Bio-Security is of UTMOST IMPORTANCE - Compliance is NON-NEGOTIABLE!
These protocols are crucial to protect animal health and the South African livestock economy.



MANDATORY CdP DOCUMENTS

No animals will be offloaded at an auction without a health declaration (not older than 48 hours). /
Geen diere sal by 'n veiling afgelaai word sonder 'n gesondheidsverklaring (nie ouer as 48 uur).

1. Signed CdP contract. / Getekende CdP-kontrak.
2. Health declaration form properly completed and signed by owner and veterinarian (not older than 48 hours). / Gesondheidsverklaring behoorlik ingevul en onderteken deur eienaar en veearts (nie ouer as 48uur).
3. Document of Identification, Art. 6 (removal certificate). / Dokumente van Identifikasie, Art 6 (verwyderingsertifikaat).
4. Copy of animal Identification mark. / Afskrif van diere se Identifikasiemerk.
5. Copy of ID or company registration document, or whichever correlates with the info on the identification mark. / Afskrif van ID of maatskappy-registrasiedokument, of wat ook ooreenstem met identifikasiemerk (brandmerk).

Biosekuriteit is van UITERSTE BELANG - Nakoming is NIE-ONDERHALDERBAAR!
Hierdie protokolle beskerm diergesondheid en die Suid-Afrikaanse vee-ekonomie.



BEQ LOGISTICS

Heavy Haulage - Abnormal Loads - Crane Trucks

WE MOVE WHAT OTHERS CANT

- Crane Trucks
- Lowbeds
- Flatbeds
- Abnormal Loads
- Half Loads Available



Reliable. Safe. Professional.



066 555 6181
admin@bruyns.africa

CALL US



REQUIREMENTS FOR HUNTING PHOTOS:

Only sharp, good quality photos will be considered. Electronic photos should preferably be 1 MB in size; smaller than this cannot be posted.

Please email photos to
Santie Corbetta:
santie@wildlifehunt.co.za

JAGFOTOGALLERY

Stand a chance to win this Leather Ammo Box (50 rounds)
Sponsored by Hunt Africa Leather





Quality
Matters!



Beyond the Lens, Within Your Heart



Graphic Design, website development, Social media marketing, Corporate Headshots and more.

CROSSview **Videography and photography** excels in capturing life's cherished moments with cinematic artistry. Our adept team of videographers, editors, and creatives is committed to delivering resonant visual storytelling that captivates both clients and audiences.



+27 084 810 9305

Call us for more info and more services that we offer



Some of Our Services



Wedding Videography and photography

Capturing the essence of weddings, creating enchanting videos that enclose the love, joy, and romance of the day.



Corporate Videography

Produce engaging corporate videos, including promotional videos, training materials, and event coverage.



Event Coverage

From birthdays to conferences, we provide comprehensive event videography services, ensuring no moment goes unnoticed.



Promotional Videos

Whether it's for a product, service, or cause, we create promotional videos that leave a lasting impact on your target audience.



Livestream any event

We're storytellers passionate about real-life tales. Our livestream services cover a wide range of topics and themes.



Short Films

Our creative team breathes life into imaginative concepts, crafting visually stunning short films that inspire and captivate.





Dirk Coetzee

Algemene Boerderye en Melkbestuurder

OPLEIDING EN KWALIFIKASIES


- Graad 12 (2007)- Volk Hoërskool Potchefstroom
- Diploma in Landbou (2010) Kollege vir Landbou Potchefstroom
- Hoër Sertifikaat in Landbou (2009)
- Kunsmatige Inseminasie 100 (2009)
- Simmentaler Opleidingskursus (2009)
- Eerste vlak 1 S.A. Paramediese Opleiding
- Basiese Brandbestryding : OHS Opleiding



0637723551

PERSOONLIKE INLIGTING

- Gebore: 20 April 1989 (36)
- Huwelikstatus: Getroud
- Rybewys: Kode B
- Bereid om te verhuis: Ja
- Adres: Middelpoos plaas, Malmesbury Wes-Kaap



PRAKTIESE ERVARING

- Voerkraalbestuurder-GrootbosVoerkraal Ventersdorp (2010) (6maande)
- Voorarbeider- Bonsmara Stoet, Kromdraai, Delmas (2010) (7maande tydens studie)



HUIDIGE/ MEES ONLANGSE VERANTWOORDELIKHEID

(Dieresorg & melkbeesboerdery)

- Daaglikse sorg vir melkbeeste: voeding, water, huisvesting, gesondheidsmonitering, medikasie en tydige behandeling
- Melkproduksie:higiëne tydens melk, masjienhantering, voorkoming van besmetting en monitering van melkgehalte
- Teelprogram:keuse van bulle, kunsmatige inseminasie (KI), natuurlike dekking en genetiese verbetering vir optimale produksie
- Tropbestuur: Kalwing, vervanging van onproduktiewe koeie,gesondheidsprotokolle, enting, onthoring en rekordhouding (bv Delpro en Cow Manager)
- Infrastruktuur-onderhoud: sorg vir plaasgeriewe, toerusting ens.

MEER OOR MYSELF

Ek is n toegewyde , hardwerkende en betroubare werker met sterk ondervinding in beesboerdery, veral melk- en teelbestuur. Ek het goeie kennis van kusmatige inseminasie(KI),tropgesondheid en produksie-optimalisering. Ek het goeie kennis van maganiese instandhouding en metaalwerke. Ek werk goed alleen of in n span, hanteer druk goed, is georganiseerd, leer vinnig en is gemotiveerd om nuwe vaardighede aan te leer

VERWYSINGS EN KWALIFIKASIES BESKIKBAAR OP AANVRAAG



2smirre2002@gmail.com

RPO waarsku regstappe kan BKS-inentings verdraag

Die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) sê regstappe deur die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging (SAVA) en die Herkouer Veterinêre Vereniging van Suid-Afrika (RuVASA) teen die konsepkema vir voorkomende inenting teen bek-en-klouseer (BKS), kan verdere vertraging in die inentingsveldtog veroorsaak.



Maroela Media het vroeër berig dat SAVA en RuVASA die regering se konsep-BKS-inentingsplan se bepaling dat veeartse bykomende goedkeuring van Rooivleisbedryfsdienste (RMIS) moet kry om aan die nasionale inentingsprogram deel te neem verwerp.

Volgens die RPO is die dokument waarop die regstappe gegrond is, nie die finale weergawe van die voorgestelde artikel 10-skema nie. Die RPO sê daar bestaan ook verkeerde vertolkings oor die rol van RMIS in die skema.

“In kort, RMIS het geen besluitnemingsmagte nie. RMIS is wel beskikbaar om die nodige fasilitering tussen die bedryf en regering te doen om die proses so spoedig as moontlik uit te rol.”

Die organisasie sê verder RMIS is nie ‘n “hekwag” vir die bedryf nie, maar ‘n dienslewende instelling wat administratiewe prosesse soos aansoek, entstofbestellings en lewering moet vergemaklik.

Die RPO waarsku egter dat die regsaksie ernstige gevolge vir die inentingsveldtog kan hê.

“n Laaste, en waarskynlik die belangrikste opmerking, is dat hierdie regstappe deur SAVA en RuVASA verdere vertraging kan meebring in ‘n inentingsveldtog wat die bedryf weer op sy voete kan bring.”

Volgens die organisasie kan die veebedryf nie verdere



John Steenhuisen. (Foto: Maroela Media)

vertraging bekostig nie en kan verkeerde inligting en interpretasies onnodige verwarring veroorsaak in ‘n tyd wanneer gekoördineerde optrede nodig is.

Die RPO sê produsente moet op die taak fokus en nie deur kantgevegte ontspoor word nie. Hy sê ook dat alle partye eers die feite moet nagaan voordat verdere stappe gedoen word.


Bron: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/rpo-waarsku-regstappe-kan-bks-inentings-verdraag/>



Alpha Damme

www.alphadamme.co.za

BIG SALE!!!



6m x 2.3m (65KI)
R24 000



4m x 2.3m (30KI)
R17 250



8m x 2.3m (116KI)
R29 600



CINDY - 072 227 5522
RULIE - 084 690 5525



cindy@alpadamme.co.za
rulie@alpadamme.co.za

OUR PRODUCTS:



HDPE 0.5mm - 2mm



DIY Cement Dam



Mesh Dam



Recycled PVC 600 mic & 510gsm



Recycled white bottom 600mic 510gsm



Erricson Dam IPV Cement Dam




MAINTANANCE



 (+27) 76 062 4272

 www.damlinings.co.za

 andre@damlinings.co.za



Exploring the art of photo and videography: Crafting stories with creativity!

Creativity and storytelling
Capture moments, share emotions



OUR BOERBOELS

- WE TAKE THEM VERY SERIOUSLY
- WE PROTECT THEM VERY FIERCELY
- WE PRODUCE THEM VERY CAREFULLY

OUR PUREBRED BOERBOELS ARE CAREFULLY SELECTED AND BRED FOR TYPE, SOUNDNESS, AND PURPOSE, AS WELL AS CLASSIC BEAUTY, ALWAYS CONSIDERING THE HISTORICAL SIGNIFICANCE OF THE BOERBOEL BREED.

FOR ^{THE} Love ^{OF}
PUREBRED
BOERBOELS

UNLAWFUL ACTIVITIES UNDER THE ANIMAL IMPROVEMENT ACT INCLUDE MISREPRESENTING BREEDERS, WITH PENALTIES OF FINES OR UP TO A YEAR IN PRISON.

PROMOTE - PROTECT - EDUCATE

